Brambles

# Beleid teen belastingontduiking

2024

Brambles Limited

## 1. Inleiding en doel van hierdie beleid

1.1 Een van Brambles se gedeelde waardes is dat ons altyd wettig, eties en met integriteit en respek vir die gemeenskap en omgewing optree.

1.2 Brambles is daartoe verbind om sake ten volle ooreenkomstig alle toepaslike wetgewing te doen. Hierdie verbintenis sluit nakoming van daardie regsvereistes in wat korporatiewe verantwoordelikheid vir die voorkoming van belastingontduiking en fasilitering daarvan wil verbeter[1].

1.3 Ons beleid sluit geen verdraagsaamheid vir enige vorm van belastingontduiking en die fasilitering daarvan deur ons werknemers en vennote in nie, waar die belastingontduiking ook al plaasvind.

1.4 Hierdie beleid:

a) sit ons verantwoordelikhede, en die verantwoordelikhede van diegene wat vir of namens ons werk, uiteen met betrekking tot belastingontduiking en fasilitering daarvan;

b) verskaf inligting en leiding vir diegene wat vir of namens ons werk oor hoe om belastingontduiking of fasilitering daarvan te herken, en wat om te doen indien hulle dit teëkom.

c) In hierdie beleid verwys die terme "ons" en "Brambles" na Brambles Limited en hulle groep maatskappye ("Brambles").

1.5 Maak seker dat u hierdie beleid lees, verstaan en nakom.

## 2. Wie word deur hierdie beleid gedek?

2.1 Hierdie beleid is van toepassing op enige individu wat op enige vlak vir of namens ons werk. Dit sluit senior bestuurders, beamptes, direkteure, werknemers (hetsy permanent, vaste termyn of tydelik), konsultante, kontrakteurs, vakleerlinge, gesekondeerde personeel, los werkers en agentskappersoneel, derdepartydiensverskaffers, agente, borge of enige ander persoon wat met ons geassosieer word in, waar hulle ook al geleë is (kollektief in hierdie beleid na verwys as "personeellid").

## 3. Ons beleid: Belastingontduiking en fasilitering daarvan word verbied.

3.1 Brambles doen hulle sake wettig, eties en met integriteit. Korrupte praktyke is onaanvaarbaar en ons benader belastingontduiking en fasilitering daarvan met geen verdraagsaamheid nie. Ons is daartoe verbind om in al ons sakebedrywighede en verhoudings, waar ons ook al werksaam is, professioneel, billik en met integriteit en respek op te tree, en doeltreffende stelsels vir die bekamping van belastingontduiking en fasilitering daarvan te implementeer en af te dwing. Ons sal voldoen aan die wetlike en regulatoriese raamwerk in elke land waarin ons werksaam is.

3.2 Om hierdie beleid na te kom, mag geen personeellid:

- betrokke wees by enige vorm van belastingontduiking of fasilitering van belastingontduiking nie;
- kommissie kry van 'n belastingontduikingsoortreding deur iemand anders nie;
- versuim om enige versoek of eis deur enige ander persoon om belastingontduiking of vermoedelike bedrieglike ontduiking van belasting te fasiliteer, te rapporteer nie;
- betrokke wees by enige aktiwiteit wat moontlik tot 'n oortreding van hierdie beleid kan lei nie;

[1] Fasilitering van belastingontduiking vind plaas wanneer 'n individu opsetlik en oneerlik iemand anders help om belasting op bedrieglike wyse te ontduik.

- iemand wat geweier het om belastingontduiking te fasiliteer of wat ingevolge hierdie beleid bekommernis uitgespreek het, dreig of andersins op sodanige persoon weerwraak neem nie.

3.3 Hierdie beleid vorm deel van Brambles se gedragskode en Brambles se missie en waardes wat in die gedragskode uiteengesit word, soos dit van tyd tot tyd gewysig en aangevul word.

**4. Verantwoordelikheid vir die beleid**

4.1 Hierdie beleid word gepubliseer as deel van die verbintenis van Brambles se bestuur om doeltreffende stelsels in hulle hele besigheid te implementeer en af te dwing ten einde die risiko van belastingontduiking en fasilitering daarvan te monitor en voorkom.

4.2 Brambles Groep-VP (belasting) het die daaglikse verantwoordelikheid om oor die implementering van hierdie beleid toesig te hou, om die aanwending en doeltreffendheid daarvan te monitor en om oor daardie aangeleenthede aan Brambles se direksie verslag te doen.

4.3 Die bestuur is op alle vlakke verantwoordelik om te verseker dat hulle en diegene wat aan hulle rapporteer die beleid verstaan, en dat diegene wat die gevaar loop om belastingontduiking en fasilitering daarvan teë te kom of daaraan blootgestel te word, so gereeld as wat nodig geag word voldoende opleiding oor die beleid ontvang.

**5. Wat is belastingontduiking?**

5.1 Belastingontduiking is wanneer enige persoon (bv. individue, korporasies en trusts) op bedrieglike wyse ’n te lae opgawe van ’n belastingaanspreeklikheid indien. Dit kom voor wanneer mense opsetlik wederregtelik optree deur die werklike stand van hulle finansiële sake van belastingsowerhede te verbloem deur byvoorbeeld hulle inkomste as te laag of hulle uitgawes as te hoog op te gee. Dit is ’n kriminele oortreding.

5.2 Belastingontduiking moet van belastingvermyding onderskei word. Belastingvermyding is wanneer mense of maatskappye die belastingstelsel gebruik om hulle belastingaanspreeklikheid wettig te verminder, soos om sakebedrywighede in ’n ligging te plaas ten einde voordeel uit ’n lae belastingkoers, belastingkortings of aansporings te trek. Belastingvermyding word nie deur hierdie beleid gedek nie. Brambles probeer nie belasting vermy deur kunsmatige reëlings, of belastingtoevlugsoorde, te gebruik wat geen sakedoel het nie, soos uiteengesit in Brambles se belastingbeleid.

**6. Watter belastings word ingesluit?**

6.1 Hierdie beleid omvat alle vorms van belasting, waaronder (maar is nie daartoe beperk nie) korporatiewe inkomstebelastings, BTW, AVB en ander verkoopsbelastings, loon-en-salaris-belasting, belastings vir bestaansversekering, seëlbelastings, doeanereg – waar ook al die belasting verskuldig is.

**7. U verantwoordelikhede**

7.1 Die voorkoming, bespeuring en rapportering van belastingontduiking of fasilitering daarvan is die verantwoordelikheid van almal wat vir Brambles werk of waaroor ons beheer uitoefen. Soos uiteengesit in afdeling 3.2, word van alle personeellede vereis om enige aktiwiteit te vermy wat moontlik tot ’n oortreding van hierdie beleid kan lei, hetsy deur die personeellid of ’n sakevennoot, diensverskaffer, konsultant of ander agent van Brambles.

7.2 Indien u bewus is (of rede het om te vermoed) dat enigeen wat dienste vir of namens Brambles lewer by belastingontduiking betrokke is, of beplan om daarby betrokke te raak, moet sodanige bekommernis so spoedig moontlik aan u lynbestuurder gerapporteer word, of ingevolge ons Speak Up-beleid gerapporteer word.

7.3 Enige werknemer wat hierdie beleid oortree, sal dissiplinêre optrede in die gesig staar wat tot afdanking weens wangedrag kan lei. Brambles behou hulle reg om hulle kontraktuele verhouding met ander partye te beëindig indien sodanige partye hierdie beleid oortree.

7.4 Versuim om ’n bekommernis te rapporteer oor enigeen wat vir of namens die Groep handel, “jou oë te sluit” vir onaanvaarbare gedrag, of die opsetlike ignorering van tekens wat daarop dui dat ’n derde party by belastingontduiking betrokke is of moontlik daarby betrokke is, word alles as ’n oortreding van hierdie beleid beskou.

## 8. Opleiding en kommunikasie

8.1 Opleiding oor hierdie beleid sal deel vorm van die intredeprogram van enige nuwe werknemer of kontrakteur wat in ’n posisie kan wees om belastingontduiking te fasiliteer. Hierdie beleid sal deur middel van Brambles se webwerf aan alle bestaande werknemers beskikbaar gestel word. Personeellede wat gegewe hulle rol en posisie waarskynliker aan belastingontduiking of fasilitering daarvan blootgestel sal word, sal gepaste opleiding ontvang oor hoe om hierdie beleid na te kom.

8.2 Brambles se beleid van geen verdraagsaamheid ten opsigte van belastingontduiking en die fasilitering daarvan moet met die aanvang van Brambles se sakeverhouding aan alle verskaffers, kontrakteurs en ander sakevennote, en soos geskik daarna, gekommunikeer word.

8.3 Voordat Brambles ’n kontrak sluit, kan Brambles ’n ondersoek loods na die relevante derde party om te verseker dat hulle nie by ’n oortreding betrokke is wat belastingontduiking of fasilitering daarvan behels nie, of dat hulle nie Brambles die gevaar laat loop om by sodanige bedrywighede betrokke te raak nie.

8.4 Brambles sal seker maak dat hulle standaardkontrakte of bepalings en voorwaardes wat met derde partye gebruik word, bepalings insluit wat van daardie derde partye vereis om alle toepaslike wetgewing na te kom.

## 9. Rekordhouding

9.1 Brambles moet akkurate en volledige finansiële rekords hou, en moet geskikte interne beheermaatreëls in plek hê wat die sakerede duidelik stel waarom ’n betaling aan ’n derde party gemaak is. Geen rekening moet uit die boeke gehou word ten einde onbehoorlike betalings te fasiliteer of te verbloem nie.

## 10. Monitering en hersiening

10.1 Brambles Groep-VP (belasting) sal gereeld die doeltreffendheid van hierdie beleid monitor en die implementering daarvan hersien met inagneming van die geskiktheid, toereikendheid en doeltreffendheid daarvan. Enige verbetering sal so gou moontlik aangebring word. Interne beheerstelsels en -prosedures sal aan gereelde hersiening onderhewig wees om te verseker dit werk doeltreffend om die voorkoms van ’n belastingontduiking of fasilitering daarvan teen te werk.

10.2 Alle personeellede is vir die sukses van hierdie beleid verantwoordelik en moet seker maak hulle gebruik dit om enige vermoedelike belastingontduiking te rapporteer.

**Bylae: Moontlike gevaarscenario's – "rooi vlae"**

Hierdie lys rooi vlae is nie bedoel om 'n volledig lys te wees nie. Dit dien ook nie as besliste aanduiding van belastingontduiking of fasilitering van so 'n misdaad nie. Die doel van hierdie rooi vlae is om te dui op handelinge wat ingevolge hierdie beleid tot verdere nodige noulettendheid of rapportering aanleiding moet gee:

1. U raak tydens u werksaamhede daarvan bewus dat 'n ander party:
   - 'n valse verklaring ten opsigte van belasting afgelê het, of beoog om sodanige valse verklaring af te lê;
   - versuim het om inkomste of wins aan die relevante belastingowerheid te verklaar;
   - 'n valse dokument met betrekking tot belasting gelewer het of beoog om sodanige valse dokument te verskaf; of
   - 'n struktuur opgestel het om inkomste, wins of bates van 'n belastingowerheid te verbloem, of beoog om sodanige struktuur op te stel.
2. U raak tydens u werksaamhede daarvan bewus dat 'n ander party opsetlik versuim het om vir BTW/AVB (of die ekwivalente belasting) te registreer, of het versuim om BTW/AVB in berekening te bring.
3. 'n Ander party versoek om eerder in kontant as deur 'n rekening by 'n erkende bank betaal te word, of weier om 'n formele kommissie- of fooi-ooreenkoms te onderteken, of weier om 'n behoorlike faktuur of kwitansie uit te reik vir 'n betaling wat gemaak is.
4. U raak tydens u werksaamhede daarvan bewus dat 'n werknemer by Brambles vra om behandel te word as kontrakteur wat vir hom-/haarself werk maar sonder materiële veranderinge aan sy/haar werksomstandighede.
5. 'n Ander party versoek dat betaling na 'n land of geografiese ligging gemaak word wat verskil van die een waar die party woonagtig is of sake doen.
6. 'n Party aan wie ons dienste gelewer het, versoek dat 'n faktuur aan 'n ander entiteit geadresseer word, hoewel ons nie regstreeks aan daardie entiteit dienste gelewer het nie.
7. 'n Party aan wie ons dienste gelewer het, vra dat die beskrywing van die dienste gelewer sodanig op 'n faktuur verander word dat dit doelbewus die aard van die dienste gelewer, blyk te verberg.
8. U ontvang 'n faktuur van 'n ander party wat niegestandaardiseerd of pasgemaak blyk te wees.
9. 'n Ander party weier om bepalings op skrif te stel, of vra dat kontrakte en ander dokumentasie teruggedateer word.
10. U merk op dat ons vir betaling gefaktureer is wat, in ag genome die goedere/dienste gelewer, te groot of te klein blyk te wees.
11. 'n Ander party versoek of vereis die gebruik van 'n agent, tussenganger, konsultant, verspreider of verskaffer wat nie tipies deur Brambles gebruik word of aan Brambles bekend is nie.
12. Enige versoek om, buiten die gewone vertroulikheid wat met sakereëlings verband hou, die geheimhouding van 'n transaksie te handhaaf.